# *En Jou Saad Sal Die Poorte Van Die Vyand In Besit Neem*

Laat ons bly staan, en net ons hoofde buig vir 'n woord van gebed.

2 Ons Genadige Hemelse Vader, dit is weer dat ons U nader, om vergifnis van ons sondes en oortredinge te vra, en bid dat U ons genadig sal wees, Vader. Ons sou bid, Here, dat U al ons oortredinge sal vergewe, ons sal lei op die paaie van Lig en Lewe.

3 En maak ons, Here, so sout dat ander sou verlang om Christene te wees, met wie ons kontak maak, ons weet dat sout 'n geurmiddel is as dit kontak maak. En Vader, ons bid dat U ons die krag van die sout sal maak, en mag ons so begeer om met die buitewêreld kontak te maak wat sterwend is, dat dit 'n geurmiddel vir hulle mag wees. Daar word vir ons gesê dat ons geskrewe briewe is, gelees deur alle mense, en, Vader, ons bid dat ons lewens so sal wees, soos ons bely om hierdie groot ondervinding van Pinkster te hê, dat dit so 'n—'n *sout* vir die wêreld sal wees, dat hulle ook sal verlang om so te wees.

4 Gee ons van U Heilige Gees, Here, dat ons aan die wêreld kan wys, dat ons geloof in ons Verlosser bevestig is, dat Hy nie dood is nie, maar Hy lewe saam met ons dag vir dag, ons lei en ons rig, ons voed, terwyl ons loop langs die stil waters en die skaduryke groen weivelde.

5 Ons bid dat U ons vanaand sal seën in die Woord. Genees die siekes en die beproefdes, red die verlorenes. Mag U groot Naam geheilig word, want ons vra dit, in U Naam, Jesus Christus. Amen.

Julle kan maar sit.

6 Ons is inderdaad, ag dit 'n groot voorreg om weer terug te wees vanaand, hier by die kerk, om weer die Woord aan die mense te bedien. En hierdie was 'n groot dag. Ek is so bly om Christene te ontmoet, om regte, wedergebore mense te ontmoet. Ek hoop julle dink nie dat ek, wat die dinge uiter en sê wat ek sê, dat ek dink dat Kalifornië al die sondaars het nie, hulle is regoor die wêreld. En ek het. . . Gisteraand toe ek gekom het, was ek onder in die stad in die middag, en ek het opgelet dat sommige van die mense, hoe hulle gemaak het, net soos hulle in ander dele van die wêreld is.

7 En ek het gisteraand ingekom, en gaafste, klein dogtertjie van die platvorm hier, van die koor, glo ek was dit, het daar agtertoe geloop. Sy was ’n Kanadees, baie gawe, dametjie, skoon gelyk, en ’n ware, net ’n regte dame, ek hoop my Rebekah is so wanneer sy haar ouderdom bereik, ’n Kanadese meisie. En toe, vanaand, toe ek ingekom het, het daar daarbuite langs die muur, ’n—’n dametjie gestaan, daarbuite gestaan, toe my seun, en my skoondogter gekom het, en ek, van Arkansas, wat daarbuite gewag het in die koue net om hand te skud met my, gesê sy het onthou toe ek baie, baie jare gelede in Hot Springs was, die Humbard familie. En net mense soos daardie sien, dit maak die lewe net die moeite werd.

8 Julle weet, ons—ons lewe om te dien, en om te doen wat ons kan vir daardie mense, en om ander te probeer help wat miskien nie die vreugde van daardie lewe ken nie. Party mense dink dat wanneer jy ’n Christen word dat dit ne-. . .net al die vreugde uit die lewe neem, dis net omgekeerd. Ek—ek het albei maniere gelewe, dit is een-en-dertig jaar wat ek gepreek het, en ek het . . . Ek sou nie hierdie lewe verruil al was daar nie eens enige Hemel was om na toe te gaan aan die einde daarvan nie, daar nie enige Jesus was om te sien nie. Ek het meer vreugde om op hierdie manier te lewe as wat ek, eendag, as wat ek tien jaar op enige ander manier sou hê, al was daar niks daarna nie.

9 Maar dis regtig uit my hart, as—as julle broer en God se dienskneg. Daar’s so ’n vrede en ’n bevrediging, in die wete dat wanneer jy gaan lê as jy nooit weer wakker word nie, watter verskil maak dit? Sien? Jy’s—jy’s—jy’s gered, daardie—daardie anker wat binne die sluier geanker is iewers daarbuite, iets wat vir ons sê dat die goeie net aan die Anderkant is.

10 Billy het gisteraand vir my gesê toe ek weg is, het hy gesê: “Pappa, dink jy jy kan dit ooit maak, jy nege-uur kan verdaag?”

Ek het gesê: “Ek hoop so, een of ander tyd.” Maar ek . . .Julle is sulke gawe mense om mee te praat, en julle . . . daar’s geen plek om te stop nie.

En hy het gesê: “Wel, eerste ding, het jy omtrent dertig minute gepraat voor jy ooit met jou preek begin het.”

11 Ek het gesê: “Nou, Billy, ek gaan, ek gaan dit nie vanaand doen nie, ek gaan—ek gaan net reguit met die preek begin, sodat ek die mense kan laat verdaag.”

12 Ons het ’n, nog ’n volle week; en dan moet ons van hier af opgaan in Visalia in; en reguit daarvandaan na Ohio, agter in die sneeu; en onder in Virginia, waar ek dink hulle het nou sewentien duim sneeu daarin; dan terug oorkant in Illinois, Bloomington, op na Chicago; en dan die heelpad bo in die noorde van Brits-Columbië, waar dit regtig sneeu; en dan, hoop ek, as die Here wil, een of ander tyd hierdie somer, om—om weer oorsee te gaan, want daar is waar my hart lê. Dit is waar. Julle sou, ook.

Julle sê: "Wel, jy het ons nie lief nie."

13 Ja, ek het julle lief, maar julle is alreeds geanker in Christus, en daardie mense daar oorkant, net so honger en dors. En nou, as ek vir julle gewerk het, en ek kon pluk, ek het bessies gepluk, aan die een kant van die pad *hier* oorkant, kon ek vyftig gelling per dag pluk, aan *hierdie* kant van die pad, kon ek twee liter per dag pluk. Nou, in watter land moet ek werk? Sekerlik. Julle weet wat ek bedoel.

14 Maar een ding om byeenkomste hier te hou, die Amerikaanse mense het die geld, en hulle is diegene wat moet borg. Daardie mense kan nie eens eet daar oorkant nie, maar wat . . . en dis net so verskriklik, julle sal nooit besef wat dit is nie.

15 Sal nie julle hart tref totdat julle eenmaal in die straat staan, en preek, en 'n moedertjie sien met haar babatjie, en sy maag *so* ver opgeswel, wat sterf van die honger, en probeer om vir jou die baba te gee, sy weet sy gaan ook sterf, van die honger. Wel, wat as jy daardie een neem? Hier is een *hier* oorkant, en een *hier*, en een *hier*, en een, net oral. Sien? En dis tragies.

16 Dan kom jy terug, en dink dat ons genoeg in die vullisblik inhark om daardie mense te voed.

17 En daar's net iets, die ekonomie van die wêreld is nie iewers reg gebalanseer nie, dis net nie reg nie. En ons kan niks daaraan doen nie, julle kan dit sien, maar, sien, ek's net een Amerikaner. En dis . . . en net een Christen. En ons kan terugkom en die stories vertel.

18 En dis waar dat baie sendelinge, vanaand, een of twee maaltye per week eet, en sonder skoene aan hulle voete, net 'n ou verslete broek, of iets, om hulle gedraai, in die oerwoude ingaan en die Evangelie verkondig, hierdie Evangelie wat ons net hier verkondig. Dit is net nie reg nie, dit lyk net nie reg nie, hoewel hulle nie kla nie, hulle net reguit voortgaan en dit doen, in elk geval. Breek net amper jou hart om te sien.

Ek sê: "Daardie kêrel *daar*?"

"Hy's 'n sendeling."

19 Toe ons in Durban, Suid-Afrika was, dis waar ek, reken ek, die grootste altaar-oproep gehad het wat die Here my ooit gegee het, ons het dertigduisend bekeerlinge getel by een altaar-oproep. Dink net daaraan. Dertigduisend kombers-inboorlinge het Christus as persoonlike Verlosser ontvang toe hulle sien plaasvind het, net soos julle gisteraand hier gesien het. Hulle honger en dors. En wanneer hulle iets sien wat 'n werklikheid is! Maar sien, ons hier in Amerika, ons het net allerhande soorte evangeliste, en as een ons nie behaag nie, los ons hom net, kry 'n ander een. En julle weet, ons het net so 'n verskeidenheid, en die—en voor jy jou kom kry, wel, word dit alles so alledaags vir

ons dat ons net daarvan vergeet. Daardie mense smag regtig na God.

20 Ek het klein swart seuntjies sien staan soos *daardie*, kindertjies, nooit geweet wat 'n pak klere was nie. Nooit geweet. . . Wel, ons het 'n bietjie tuisgemaakte roomys gehad, en een van hulle sou kom, en ek het dit in sy hand gesit, hy het dit laat val en geskree. Ek het Mnr. . . . gevra, of, die man wat langs my gestaan het: "Wat het hy gesê?"

"Hy het gesê: 'Baas, dit het my gebrand.'" Dit was koud, julle sien, hy het nog nooit iets kouds gevoel nie, sien. Hy het gesê: "Dit het my gebrand."

21 Sien hulle daaronder, wanneer hulle gaan om hulle water te kry, en die krokodille vreet hulle op. En sien hulle aankom vir solank as twee maande voor die tyd, toe hulle gehoor het ek kom soontoe om vir hulle siekes te bid. Hulle sou gaan en hulle geliefdes dra op tuisgemaakte draagbare, planke, en wat hulle ook al kon hê. En wanneer hulle sou, 'n leeu sou kom, sou hulle hulle in 'n boom opdruk iewers totdat die leeus weg is, hulle dan afbring. So 'n opoffering, onder deur die oerwoude! En dan om hulle ten minste vier of vyf stadsblokke ver te sien lê, totdat jy nie eens die einde van hulle kan sien soos daardie, wat daar lê nie, net. . .

22 En wanneer hulle een man genees sien word op die platvorm. . . Ek het omgedraai, en deur vyftien verskillende tolke, dis, jy moet net neerskryf wat jy laas gesê het, maar toe ek hulle gevra het, het die sendeling hulle vertel wat hierdie groot Jesus was?

"Ja," maar hy het ook vir hulle gesê dat die dae van wonderwerke verby was.

Ek het gesê: "Nou, wat was Hy toe? Wat Hy ook al toe was, Hy bly dieselfde as Hy lewe." Sien?

23 En toe hulle gesien het dat dit bewys is dat Hy was, het ek net 'n gebed gedoen, gemeente gebed, en Dr. F.F. Bosworth (Het enigiemand ooit van hom gehoor? Byna almal. Een van die grootste ou gelowiges wat ek ooit in my lewe ontmoet het.), het hy geskat tussen vyf-en-twintig en dertigduisend spontane wonderwerke wat op een slag plaasgevind het.

Die volgende oggend, het Mnr. Sidney Smith, die burgemeester van—van—van Durban my geskakel, gesê: "Hou die venster aan die strandkant van jou hotelkamer dop."

Ek het gesê: "Wat is dit?"

Gesê: "Ek sal sien of ek betyds daar kan kom, dis op pad."

Wel, ek het daar gesit, ek het gewonder: "Wat het die burgemeester bedoel?"

24 En net daardie aand, was daar 'n vrou wat daar gesterf het daardie dag, 'n vriend van hom, vir haar gebid, en sy het lewendig geword, die koerante wat groot opskrifte daaroor gegee het. En ek het opgegaan . . .

25 Sien, waar mense hulleself regtig verneder, en alles anders vergeet, en net in die Here glo, vind alles net plaas. En toe . . . Maar jy moet dit glo, dis al, net, dit nie—nie net forseer nie, maar dit net eenvoudig, glo, sien, net, reg.

En so, hulle het gebel. En ek het iets 'n geraas hoor maak, en ek het in die straat afgegaan.

26 Nou, hulle het—hulle het stam-oorloë onder hulle, maar toe ek na die platvorm toe geloop het, was daar vyftien, ek weet, verskillende stamme daar, almal daarbinne met hulle toordokters, en die hoofmanne, ensovoorts, en hulle het almal eendragtig gestaan, omtrent byna tweehonderdduisend, en gesing, elkeen in hulle moedertaal, wat almal verenig: "Alle dinge is moontlik, glo net."

27 Broer Bosworth het gesê hy het opgeleide simfonieë gehad, en na die Madison Square Garden toe gegaan met 'n iets-oor-die-honderd-stuk orkes, en hy het gesê nooit . . . gesê party van hulle sou 'n oktaaf hoog en 'n oktaaf laag wees, in die afrig van stemme, maar gesê daar—daar was net elkeen, en hulle, sou nie weet watter regter- en linkerhand was nie, net perfekte musiek. Ek kan hom nog net sien soos hy sy bril afgehaal, en sy oë begin afvee het, hy het gesê: "Broer Branham, hierdie is my kroning, om dit te hoor."

Ek het gesê: "Dis die Heilige Gees, Dis die enigste Ding wat hulle kon laat sing."

28 Die volgende dag, toe ek na die venster toe gegaan en uitgekyk het, het ek gedink my hart sou uit my uitspring, ek het gekyk, daar het sewe van daardie groot Afrika-vragmotors in die straat afgekom. Hulle is net omtrent lank soos van hier af tot by die, o, amper regoor hierdie gebou, het omtrent vier tot ses wiele onder hulle. En hulle was opgestapel net so hoog as wat hulle opgestapel kon word met ou planke, en kieries, en goed waarop daardie mense geloop het die vorige dag.

29 En diegene wat op hulle geloop het, het agter geloop, vir stadsblokke ver. Ses van daardie twee- . . . sewe van daardie groot vragmotors vol, soos daardie, wat in die straat afkom met hulle hande op in die lug, wat kreupel was die vorige dag en gesing het: "Alles is moontlik, glo net." Ek sê julle! Julle sien hoekom . . . wat ek bedoel. Dis net, dis, jou hart bloei net om weer by hulle uit te kom, julle sien, spring net om te kyk wat jy vir hulle kan doen.

30 En ek het 'n koerant, een van die Durbanse koerante, wat gesê het daardie een stam, die Shangaan, ek vergeet hoeveel hulle weke later teruggebring het, en hulle was, en toe hulle

teruggekom het, was hulle klaar met sonde, het vuurwapens teruggebring, en horlosies, en wat hulle gesteel het van lewe buite in die lokasies, julle weet, hulle sou in die stad inkom, steel.

31 Nou verskoon julle my, my susters, vir hierdie kru uitdrukking, en moenie dink dat ek iets probeer maak, dit afforseer nie. Maar ek wil net, net om julle een ding te vra. Ons is veronderstel om in 'n—'n land van beskawing te lewe. En hierdie doop van die Heilige Gees waarvan ons praat, ek het mense die Heilige Gees sien ontvang wat nie regter- en linkerhand geken het nie. En weet julle wat hulle doen wanneer hulle dit ontvang? Hulle tree net so op soos julle wanneer julle dit ontvang, doen dieselfde ding. En hulle weet nie wat regter- en linkerhand is nie. En daar het vroue op daardie grond gestaan, net soos, geen klere nie, nie meer as waarin hulle gebore is nie, en daar het hulle daar gestaan, jonk en oud, en al die res.

32 En ek het hulle gevra, ek het gesê: "Nou, ek wil hê julle moet. . .Sal julle hierdie Jesus ontvang, wat hierdie man wat kreupel was, laat regop staan en loop het, waar Dit vir hom gesê het. . .?" En ek het gesê: "Ek. . .Soos julle toordokters gedink het ek lees sy gedagtes." Ek het gesê: "Nou, dit wys die God van die Hemel het hom gesond gemaak." Ek het gesê: "Hoeveel wil Hom as persoonlike Verlosser ontvang?" En hulle het opgestaan, duisende.

Broer Baxter en hulle het gesê: "Ek glo hulle moes fisiese genesing bedoel het."

33 Ek het gesê: "Sê dit weer deur die tolke." Ek het gesê: "Ek het nie fisiese genesing bedoel nie, ek het bedoel om Christus te ontvang, Iemand Wie julle liefhet. En ek besef dat julle sleg behandel is hier, net soos ons Amerikaanse Indiaan daar oorkant is, waar God hom in die land geplaas het." Maar ek het gesê: "Julle—julle is sleg behandel, maar daar is Een wat julle geregtigheid sal gee, dis die Here Jesus, en julle Hom wil ontvang as julle persoonlike Verlosser, kan julle Huis toe gaan Hemel toe." En ek het gesê: "Steek julle hande op. Daardie wat afgode gedra het, breek hulle op die grond."

En hulle het hulle afgode gebreek, en hulle hande opgesteek, dertigduisend heidene.

Ek het gesê: "Terwyl julle julle hande op het, ontvang Jesus vir die doop van die Heilige Gees."

34 En toe hulle dit gedoen het, daardie mense, 'n paar vroue wat daar gestaan het, nakend, net 'n doekie, weet julle wat hulle gedoen het toe hulle daar weggeloop het? Hulle het hulle arms gevou toe hulle weggeloop het.

35 Nou, wat die vreemde ding vir my is, dat 'n vrou wat nie regter- en linkerhand ken nie, en sodra Christus in haar hart kom, besef sy sy's nakend, en sy sal haarself probeer bedek, en ons, wat veronderstel is om 'n Christenvolk te wees, trek dit

die heeltyd uit. Kan julle dit vir my verduidelik? Ek—ek wil net daardie vraag vra. Ek . . . in alles . . . Ek bedoel dit nie om 'n grap te maak nie, hierdie is geen plek om 'n grap te maak nie, hierdie is die lessenaar, die preekstoel van God, sien. Maar is dit nie waar nie? Dit . . . Kan julle sin maak daarvan?

36 'n Inboorling wat niks van God af weet nie, en sodra Christus in hulle hart kom, besef hulle hulle is nakend, en ons wat veronderstel is om Christene te wees, voortdurend elke jaar, net soveel as om die wet te verhoed om jou van die straat af te haal, trek dit elke jaar uit. Iets is verkeerd, iewers. Miskien is dit . . . dit mag ek wees, dit mag net ek wees wat verkeerd is, ek weet nie. As ek verkeerd is, dan is die Woord verkeerd, sien. Ek hou daarvan om by die Woord te bly.

37 Nou, vergewe my, Billy, ek het dit weer gedoen. Ek glo ek het Broer Borders gehad om 'n bietjie te lees . . . Ek het 'n paar aankondigings hier, maar ek sal hulle net 'n bietjie later kry, want dit word te laat. En ek gaan probeer verdaag om nege-uur, as ek moontlik kan.

38 Nou, ek wil neem uit daardie Skriflesing uit Génesis, die 22ste hoofstuk, en die laaste tien *verse* van die 17de vers:

> *en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem;*

39 Nou, ons het Abraham bestudeer, en hoedat God met Abraham was, en wat Hy vir hom gedoen het. En verlede Saterdagaand, het ons Abraham gelos, julle weet, waar God hom en Sara terugverander het na 'n jong man en jong vrou. Het julle daarvan gehou? Glo julle dit? Teruggegaan, en sy het die baba gehad. En ons het dit bewys deur die Skrif dat Sara 'n jong vrou was, want daar was 'n jong koning daaronder, Abiméleg, wat verlief geraak het op haar.

40 En ek het 'n notatjie daaroor gekry, gesê: "Broer Branham, hulle het net langer gelewe in daardie dag." Iemand bietjie verskil, natuurlik, dis net in orde, maar ek wil dit graag vir jou duidelik maak, my broer.

41 Het julle opgelet die Skrif sê: "En hulle was albei ver op hulle dae"? Sien? Hulle was oud. En so het Hy hulle terugverander na 'n jong man en 'n jong vrou, wat gewys het wat Hy met die hele Saad van Abraham gaan doen. Nou, ons sien daardie groot beloftes wat Hy gegee het.

42 Dan vind ons uit dat Abraham steriel was; Sara was, miskien, was onvrugbaar, miskien was Sara die een wat onvrugbaar was. Maar nadat, Abraham, omdat sy eie liggaam was, soos die Bybel gesê het in Romeine 4, so goed soos dood was, en ons vind uit dat nog veertig jaar daarna, toe sy vrou gesterf het en hy weer getrou het, hy sewe ander seuns gehad het, benewens dogters, daarna. So, julle sien, dit net, julle, tussen die lyne, julle sien, het God

net iets vir hulle gedoen, dis reg, Hy het hulle net terugverander, en hulle weer 'n jong paartjie gemaak.

43 Ek is so bly dat ek die geleentheid het, en een van die grootste skatte kan bring vir die mense wat daar in die wêreld is, om hulle te vertel dat ons erfgename saam met Abraham van hierdie belofte is, ons Abraham se kinders is. Hoe doen ons dit? Deur by die kerk aan te sluit? Nee. Deur dood te wees in Christus, die Heilige Gees te ontvang. Dan is ons Abraham se Saad, en is erfgename saam met hom volgens die belofte. Moet dit nie mis nie, Christenvriend, bly daarby.

44 As ek 'n bietjie fluit terwyl ek praat, almal van julle weet dat ek eers 'n bokser was, ek het eers geboks, ek het die drie-staat kampioenskap gehad, het nooit meer as een geveg in my lewe verloor nie. En ek het eenkeer vir 'n kêrel geglimlag toe hy—hy na my geslaan en my gemis het, en hy my reg op die mond geslaan het, en dit het twee tande daar losgeslaan, en die hoek van een afgebreek. En net nou die dag, het ek die vulsel daarvan verloor, so ek—ek fluit partymaal 'n bietjie.

45 Ek het eenkeer gedink hoe erg dit was, en ek onthou Mev. Graham, vir die bekende evangelis, Billy, gesê het dat die, een van die groot tye van sy lewe dat, hy een tand voor verloor het, julle weet, en hy dra 'n plaatjie, en hy het hierdie tand verloor, en dit was net omtrent tyd vir hom om die uitsending te begin, en hy het gesê: "Hy fluit net verskriklik, en hy het net, en hy moes by die mikrofoon staan," en gesê: "o, Billy het regtig baie gebid."

46 En 'n kruier, en almal wat soek, die portiere wat hierdie tand probeer vind, waar dit was. Later uitgevind, dit het uit sy broeksak geval en was in sy skoen, iemand het dit onder in een van sy skoene gevind. En—en sy het dit van hom vertel terwyl sy in Louisville was. En so, die ding wat hy gedoen het, hy sou 'n handdoek neem nadat hy gebad het, en dit bo-oor die deur gooi soos *daardie*, en 'n groot, vuil streep maak. En sy was te kort om op te staan en dit af te vee, julle weet. So, ons het almal ons foute, julle sien, almal van ons, selfs tot die beste.

47 So ons vind dat Abraham en Sara nou hierdie kleintjie ontvang het. Op die ouderdom van omtrent twaalf jaar oud, is hy geneem, gevra deur God, of, om sy eie kind op te neem teen die berg en hom op te offer, sy lewe te neem.

48 En Abraham het God nie betwyfel nie, want hy het geweet dat as hy—dat as hy God gehoorsaam het soos hy het, gewag het vir vyf-en-twintig jaar, dat hy hom ontvang het soos een *uit* die dood (Nou wat daarvan? Was hulle oud of nie?), Hom ontvang soos een uit die dood, geweet dat hy ten volle oortuig was dat Hy in staat was om hom weer op te wek uit die dood. Sien? Omdat hy net so goed soos dood was, sy lewe in hom, as die manlike, dood was, en Sara, die skoot was dood, en sy was net. . . Hy het hom

pas ontvang soos een uit die dood, so hy het geweet dat God hom kon oprig as Hy Sy belofte gehou het.

49 Dan sien ons toe volle gehoorsaamheid gekom het, toe, toe hy op die punt was om die lewe van sy eie seun te neem, die Engel van die Here uit die hemele geroep het, en sy hand gekeer het, en daar was 'n ram agter hom. En hy het die ram geneem wat in die onkruid vasgevang was aan sy, of, die rankplante aan sy horings, en die ram geoffer het in plek van sy eie seun. En ons het dit bespreek. Waar het hierdie ram vandaan gekom?

50 Nou, Abraham was drie dagreise ver, en het toe sy oë opgelig in die verte en die berg gesien. Hy was ten minste vyf-en-sewentig tot 'n honderd myl van die beskawing af, en bo-op 'n berg waar daar geen gras of geen water is nie, en hy het die klippe nadergerol, en die altaar gereedgekry, en daar was geen ram daar nie. En as 'n ram daarbo sou wees, sou diere, dit lankal doodgemaak het, as dit afgedwaal het soos daardie. En dis waarom hy dit *Jehova-jireh* genoem het: "Die Here sal vir Homself 'n offerande voorsien."

51 Ek glo God het die ram geskep deur te spreek. En ons het uitgevind dat dit nie 'n visioen was nie, 'n visioen bloei nie, hy het die ram doodgemaak, en die bloed het uit die ram uitgeloop, en hy het dit geoffer in plek van sy eie seun. Weet julle wie daardie ram was? Die Here Jesus Christus. Dis presies. Dit was, figuurlik gesproke, was dit Hy.

52 Toe was God so tevrede met volkome gehoorsaamheid! God het Sy aartsvader beproef, Hy het Sy dienskneg beproef. En elke seun wat na God toe kom, moet wat wees? Beproef, getugtig. Dis waar dat baie afvallig raak, omdat ons nie daardie beproewing kan verduur nie.

53 'n Persoon kom na die altaar in die herlewingstyd, en jy hou net 'n rukkie dop, wanneer die warm beproewinge begin kom, Jesus het dit duidelik geleer, gesê: "Die saaier het uitgegaan en saad gesaai, party het langs die pad geval, party het in klipperige grond geval, en tussen dorings en distels, en die ander het oorkant in goeie grond geval."

54 En Hy het gesê dis hoe die Woord gegaan het, uitgaan: Party hoor die Woord, gaan uit, voëls kom verby, tel dit op, sien, baat hulle niks—niks nie. Ander kom oornag op, o, hulle gaan groot dinge doen, maar wanneer die beproewinge begin kom, versmoor dit hulle. Maar party gaan die heelpad oor in die goeie grond, en dit bring 'n honderdvoudig voort.

55 Laat ons die honderdvoudige wees, laat ons ver oorgaan, alles van die wêreld uitverkoop, en na Christus kyk, en Hom glo met ons hele harte. Dis hoe hierdie dinge gebeur, dis hoe visioene kom, dis hoe krag aan God. . .van God onder ons beweeg, is wanneer ons, geen wortels van bitterheid het nie, en

alles skoongemaak is, en die Heilige Gees deur ons kan werk, dan word ons 'n kanaal.

56 Wat as daar 'n kortsluiting in hierdie luidspreker was, vanaand? Julle sou my nooit kon hoor nie, dit sou alles vol statiese elektrisiteit wees, julle sou nie weet wat ek gesê het nie. Wel, dis net soos ons is. Dis—dis stom, totdat iets 'n geluid daarin maak, dit kan nie self praat nie. En dis hoe ons is, ons weet niks van die Hemelse af nie, maar dit kos die Heilige Gees om af te kom, en ons oë te gebruik vir visioene, ons lippe vir woorde en profesieë, en—en—en die woorde te spreek, en kyk hoe die dinge gebeur.

57 "Vra wat julle wil in My Naam, dit sal vir julle gedoen word." Sien? "As julle in My bly, en My Woorde in julle, vra wat julle wil, en dit sal vir julle gedoen word. Voorwaar Ek sê vir julle, as julle vir hierdie berg sê: 'Beweeg,' en nie in julle hart twyfel nie, maar glo dat wat julle gesê het sal gebeur, kan julle kry wat julle gesê het." Markus 11:22 en 23. Nou, ons weet dat daardie dinge waar is.

58 Nou, ons vind dat Abraham eers beproef is. En nadat hy die beproewinge verduur het . . .

59 En wat sê die Bybel is ons as ons nie die tug van God kan verduur nie? Dan word ons buite-egtelike kinders, *sogenaamde* kinders, maar nie ware kinders van God nie. Die kinders van God weet presies waar hulle staan, hulle weet waar hulle hulle hoop geplaas het, hulle geloof, hulle vertroue, niks sal hulle ooit daarvan afskud nie.

60 "Almal wat die Vader My gegee het, sal kom," dis reg, en nou: "hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie. Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het Ewige Lewe, en sal nooit in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Daar's die Skrif. Sien? Johannes 5:24.

61 Hulle glo dit, hulle het dit aanvaar, daar's iets wat met hulle gebeur het, hulle het 'n nuwe skepsel geword. Hulle is 'n nuwe geaardheid, hulle is—hulle is 'n nuwe wese, 'n nuwe skepsel. Daar, die Griekse woord sê: "nuwe skepping." Dis 'n nuwe skepping, jy is weer herskep van wat jy was, na die beeld van 'n seun van God, en 'n dogter van God. Dis net so 'n . . . dis die grootste wonderwerk wat ooit gebeur het, wanneer 'n sondaar gemaak kan word om 'n Christen te word.

62 Byvoorbeeld, hier's 'n doringboom wat groei, dis—dis lewe, hierdie doringboom, en dit het oral dorings daaraan, en dit het 'n snaakse blaar daaraan. Nou, julle sien, dit verg iets behalwe enige werk van die mens om daardie doringboom te verander, en daardie dorings daarvan te laat afgaan, en net te ontvou, en baie mooi, gladde blare te wees, en lemoene te dra. Nou, julle sien, wat sou moes gebeur? Jy sou die lewe van 'n lemoenboom na daardie doringboom moes oordra, en dan sou dit eintlik lemoene

dra, want die lewe daarin is lemoen. Natuurlik, kan jy dit nie natuurlik doen nie, dit sal nie—dit sal nie so oorgaan nie.

63 Maar dis wat ons is. Soos, ons—ons nou ’n—’n koring is, ’n koringkorrel in God se skuur, wanneer ons ’n kankerroos was, en God het ons verander van ’n kankerroos na ’n koringkorrel. Maak die vrugte anders, verander jou eie gedagte, jou eie idees. Dis die grootste wonderwerk wat ooit gebeur het, wanneer ’n man of ’n vrou wedergebore is uit die Gees van God, en ’n nuwe skepping in Christus Jesus word.

64 Nou, ons vind dan dat God vir Abraham gesê het: “Omdat jy dit gedoen het,” en die patriarg hierdie groot beproewing gegee het, Hy het gesê: “sal jou Saad die poorte van die vyand . . . van sy vyande in besit neem.” *Vyande*, dis in die meervoud. “Hulle sal die poorte van die vyande in besit neem.”

65 Nou, sy Saad. Nou, van wie praat Hy, die *Saad*? Die Saad is die Kerk. Hoe kom ons Kerk toe? Nie deur Daarby aan te sluit nie, maar deur Daarin gebore te word. Julle sien, ek—ek glo dat ons ons organisasie het, ons denominasies, en daardie dinge is goed, maar dit plaas ons nie in die Kerk nie. Ons kan by elkeen van hulle aansluit, en steeds nie in die Kerk wees nie. Jy nie, jy’s nie aangesluit in die Kerk nie, jy’s gebore in die Kerk. Jy word die familie van God.

66 Nou, ek is nou al vir een-en-vyftig jaar in die Branham familie, en hulle het my nooit gevra om by die familie aan te sluit nie, want ek was ’n Branham by geboorte, ek is gebore in die familie. Ek—ek is ’n Branham deur geboorte, dis hoe jy ’n Christen word, deur geboorte. Wanneer jy wedergebore word, word jy ’n nuwe skepsel, ’n nuwe skepping in Christus Jesus, en alle ou dinge het verbygegaan, en alle dinge het weer nuut geword. Wat ’n . . . Wonderlik!

67 Ek wil graag die kerk een ding vra: Watter groter skat kan jy op die aarde vind, vanaand? Wat kon jy vind wat jy sou verruil vir hierdie hoop? Wel, daar kon niks wees wat op enige manier daarby sou kom, by hierdie groot hoop nie.

68 Nou, maar onthou: “Jou Saad sal die poorte van sy vyande in besit neem.” Die Saad sal in besit neem. Nou, Hy praat nou van Abraham se Saad. En hoe word ons Abraham se Saad? Deur dood te wees in Christus, Galásiërs 3. Ons, wanneer ons dood is in Christus, word ons Abraham se Saad. Sien? Ons—ons is dood vir die dinge van die wêreld, en begin ’n nuwe skepsel in Christus Jesus, dan is die Heilige Gees wat in Christus was in ons, en dit maak ons Abraham se Saad, en gee ons Abraham se geloof. Sien? Dis die rede . . .

69 Mense sê: “O, ek sal nie in Goddelike genesing glo nie.” Ek het met ’n sekere prediker gepraat, niks teen die man nie, hy het ’n reg op sy idees, hy’s ’n Amerikaner net soos ons, en hy het gesê:

"Broer Branham, ek gee nie om of jy tienduisend wonderwerke kan produseer nie, dis, ek glo nog steeds nie in genesing nie."

70 Ek het gesê: "Beslis nie, dit—dit was nie vir ongelowiges nie, dit was net vir hulle wat glo." Sien? Dis reg. Dis—dis nie vir ongelowiges nie, dit was net bedoel vir gelowiges, dis al. Hierdie Heilige Gees is vir hulle wat glo, Goddelike genesing is vir hulle wat glo, nie ongelowiges nie, dis gelowiges.

71 Nou, julle weet hulle. . .Jesus het gekom reg op die tyd wat hulle daarteen gepreek het, en alles, maar Hy het net dieselfde voortgegaan met genesing. En maak nie saak hoeveel hulle praat van "Daar's nie so-iets soos die Heilige Gees nie," die mense gaan net voort om dit te ontvang net dieselfde. Sien? Hulle mag dit dalk nie kan verduidelik nie, hulle kan nie verduidelik hoeveel molekules daar in 'n duim is, of hoeveel myl dit na die maan toe is nie, maar hulle weet hulle het *Iets* ontvang, en hulle geniet Dit.

72 En, hierdie is nie 'n grap nie, maar dit is vertel in die Christen Sakemanne onlangs, by een van die dienste. Daar was 'n ouerige, gekleurde suster wat wou getuig, sy het dit soort van op 'n Suidelike manier gesê, sy het gesê: "Ek wil my getuienis gee." Sy het gesê: "*Ek's* nie wat ek wil wees nie, en *ek's* nie wat ek behoort te wees nie, maar tog is ek nie wat ek was nie."

73 So, ek dink dis hoe die Kerk dit mag sê, vanaand. Ons mag miskien nie wees wat ons wil wees nie, en ons mag miskien nie wees wat ons wil wees nie, maar, en wat ons behoort te wees nie, maar ons weet iets het gebeur, ons is nie wat ons was nie. Ek weet dit, want jy het oorgegaan uit die dood na die Lewe. Daar's iets wat gebeur het, en ons weet dit, iets wat plaasgevind het onder in ons lewens, wat ons Abraham se Saad maak, omdat ons in Christus is.

74 Nou, sy Saad, nou, Jesus het gesê van die Saad: Hy het dit gesê, dat "Dit sou baie beter wees dat 'n meulsteen om jou nek gehang word, en in die dieptes van die see verdrink te word as om selfs die Saad van Abraham aanstoot te gee. Die geringstes van hulle wat in My glo, dit sou 'n. . . " En God het vir Abraham gesê: "Wie jou ook al seën, Ek sal hulle seën; en wie jou ook al vervloek, hulle vervloek Ek."

75 Nou, 'n bietjie later in die week nou, gaan ek *Die Seël Van God En Die Merk Van Die Dier* kry, en twee aande daaraan wy, ek wil hê julle moet seker maak dat julle dit kry as julle kan. Julle hoor soveel kaarte en dinge, maar kyk hoe eenvoudig dit is wanneer die Bybel dit uitbring, net hoe maklik dit is om dit te sien, en nou, die voor-en-teen daarvan.

76 Nou, as julle sal oplet, Hy het gesê dat Hy sou seën wie Abraham. . .wie Abraham geseën het en sy Saad sou geseën word, en Hy sou vervloek wie ook al vir Abraham vervloek het. Nou, hou julle dit net dop in die Joodse mense, kyk wat gebeur

het; hou dit dop onder Christene, kyk wat gebeur het, altyd so. So, julle sien, hy sal die poort van die vyand in besit neem.

77 Kom ons gaan terug en vind party van die manne van Abraham se Saad onder die Joodse verbond, bring dit dan af in die Heidene, toe ons oorgeënt is van die Joodse tydperk na die Heidense tydperk, om ’n volk vir Sy Naam te neem.

78 Nou, laat ons ’n paar van die manne neem wat die Saad van Abraham was, en kyk of hulle die poort van die vyand in besit geneem het. Laat ons nou byvoorbeeld neem, laat ons ’n oomblik praat oor die, toe die kinders van Israel as gevangenes weggevoer is onder in Babilon. Daar het ’n tyd gekom, eers, dat daar ’n beproewing moes kom. Daar’s altyd beproewinge, dis altyd die donkerste voor die dag in—in die natuur, en jy sal altyd beproewinge hê voor jy oorwinning het; as daar geen oorlog is nie, dan is daar geen oorwinning nie.

79 En nou, die Hebreeuse kinders daaronder is gebring by ’n punt waar die koning ’n—’n verklaring gemaak het, dat enigiemand wat nie sou buig voor hierdie beeld nie, in ’n vuur van vuuroond gegooi sou word, vuuroond, liewer. En toe, toe hulle . . . *Wat* hulle voorgeneem het in hulle hart, dat hulle nie hulleself sou besoedel nie, hulle sou na aan God lewe. Nou, die drie Hebreeuse kinders, Sadrag, Mesag, en Abednégo, hulle was die Saad van Abraham, hulle het die belofte van God gehad dat sy Saad die vyande se poorte in besit sou neem.

80 Nou, ek sou my voorstel wanneer ’n beproewing opkom . . . Wat is die eerste ding wat ’n kind van God het as ’n toevlug wanneer ’n beproewing kom? Die grootste wapen, wat ooit in die hande van die mensdom geplaas is, gebed. Dit verander selfs alles, dit het selfs die gedagte van God eenkeer verander. God het vir Sy profeet gesê om op te gaan en vir die koning te sê hy gaan sterf. En die koning het sy gesig na die muur gedraai, en gesê: “Here, ek smeek U om na my te kyk, ek het voor U gewandel met ’n volmaakte hart. Ek het vyftien jaar langer nodig.” En God het sy lewe vyftien jaar langer gespaar. Gebed verander sake.

81 Dan let ons op toe hierdie Hebreeuse kinders daardie aand na ’n biduur toe gekom het: “Wat gaan ons doen?” Daar moes ’n—’n byeenkoms wees, en ’n besluit moes gemaak word. Sonder twyfel het hulle heelnag lank gebid, en die besluit was eenparig, omdat hulle besluit het dat hulle nie kon bekostig om God te verloën in die tyd van beproewing nie.

82 Sou dit nie nou goed wees vir die hele kerk nie? Wanneer die besluit geneem word: “Sal ek my wend tot die dinge van die wêreld? Sal ek gaan soos die res van hulle gaan?” Daardie besluit kom vir elke Christen, dit kom daagliks vir jou. Hoe gaan ons dit doen? Jy moet jou besluit neem.

83 En hulle het hulle besluit geneem dat, ongeag van wat gebeur het, hulle nie van God sou wegdraai nie, dis reg, omdat hulle die

belofte van God gehad het dat hulle Abraham se Saad was, en hulle het hulle posisie geken, en geweet waar hulle gestaan het. En hulle het vir die koning gesê . . .

Hulle het gesê: "Nou," het hulle gesê: "ons gaan julle in hierdie vuuroond gooi as julle nie voor hierdie god buig nie."

84 En hy het gesê: "Koning, lewe vir ewig. Ons God is in staat om ons te verlos uit daardie vuuroond, Hy is in staat om dit te doen, maar as Hy dit nie doen nie, gaan ons steeds nie neerbuig voor daardie beeld nie. Ons het ons besluite geneem, ons het die weg geneem saam met die Here se paar veragtes, en ons gaan getrou bly daaraan." O goeiste! Dis wat die Kerk nodig het.

85 Nou, julle moet daardie selfde inisiatief neem wanneer dit kom by Goddelike genesing. Wanneer dit kom by enigiets wat God belowe het, neem die inisiatief en staan daar, God het die belofte gemaak. Hy is verbonde aan Sy belofte, solank jy Abraham se Saad is, moet Hy antwoord. Nou, moenie enige twyfel in jou gemoed kry nie, hou daardie twyfel weg. Bly nou net reguit op die kruis, kyk reguit na die Een Wie die belofte gemaak het.

86 Ek het Hom nog nooit sien faal nie, en ek het nog nooit gelees van Hom wat faal nie, en jy sal nooit, want Hy kan nie faal nie, Hy's God. Hy het die belofte gemaak, Hy het dit lank terug hier in Génesis gemaak, dis die saadhoofstuk, "En jou Saad sal die poort van die vyande in besit neem." Nie 'n *vyand* nie, die *vyande*, elkeen van hulle, almal van hulle.

87 Nou, hierdie vyand was die vuuroond. So, ek kon my voorstel daardie oggend . . . Laat ons dit net 'n bietjie dramatiseer. Dit lyk baie goed vir my hart wanneer ek sien . . . Julle weet, nadat hulle hulle besluit geneem het . . .

88 Ek glo God hoor, maar God hoef nie altyd gebed net dan te beantwoord nie. Sien? God antwoord op Sy Eie tyd. As jy Hom gevra het, en Hom glo, dan sal Hy antwoord op Sy Eie tyd. So, ek stel my voor in Heerlikheid was daar, toe hulle gebid het, kan ek die Engele sien staan rondom die troon van waar God gesit het, wat sê: "Hulle is in gebed, hulle is onder druk."

"Ja, maar hulle sal getrou bly, Ek het vertroue in hulle. Hulle is My dienskneg Abraham se Saad, so hulle sal getrou bly."

Wel, die volgende oggend, mag die koning gesê het: "Het julle nou besluit dat julle gaan buig voor my god?"

Gesê: "Nee, ons gaan nie buig nie. Wel, ons net . . . "

89 Dit het sy verontwaardiging in hom laat opvlam, hy het die oond sewe keer warmer gemaak as wat dit ooit was. En hy het 'n paar groot sterk manne geneem, hulle het begin opstap om in die vuuroond in te gaan. En soos hulle nadergeloop het, gelyk asof die donker uur daar was.

90 Dis hoe dit lyk vir Christene partymaal wanneer iemand, die jong dame, wanneer sy oortuig word deur ’n seun dat sy regtig daarvan sal hou om haar eerste sigaret te rook; wanneer sy gedwing word, miskien, om ’n—’n drankie te neem vir haar eerste keer, haar eerste skemerkelkie te drink by die partytjie van die baas waarvoor sy werk; of die man wat ’n vrou en familie by die huis het, wanneer die onsedelike vrou saam met hom wil slaap, jy het daardie versperrings by die hek, maar as jy net sal, lyk asof God jou verlaat het, maar hou net aan loop, hou Hom dop, hou net aan beweeg.

91 En hulle het reguit opgestap. En, julle weet, ons is die een wat senuweeagtig raak. Wat van julle, wat julle genesing aand na aand aanvaar? Wel, julle dink: “O,” môre: “ek—ek—ek hoes nog steeds. My hand is nog steeds kreupel.” Dit het nie een ding daarmee te doen nie. Wanneer jy regtig, eerlikwaar, uit die dieptes van jou hart dit aanvaar het as ’n voltooide werk wat Christus vir jou gedoen het, is dit verby, dis al. Ja, meneer. Bly net reg daarby.

Nou, hulle het aanhou loop, ek kan my voorstel Sadrag het oorgekyk na Mesag, gesê: “Is jy seker ons het deurgebid?”

“O, ja.”

92 Reguit aangestap, oond wat warmer en warmer word, tot die vel amper van hulle gesig afgekom het. Selfs die Bybel het gesê dat die manne wat hulle daarin gegooi het, die intense hitte van daardie oond die manne doodgemaak het wat hulle ingegooi het. Gelyk asof dit die donkerste uur was, hulle het reg tot by die rand van die oond geloop.

93 Maar, julle weet, dit laat God dit partymaal so raak om jou te beproef. Jy kan nooit . . . Abraham sou nooit die poort van die vyand in besit geneem het voor hy eers beproef is nie. En jy sal nooit die poort van die vyand in besit neem voor jy deur die beproewinge gaan nie. “Party deur die waters, party deur die vloed, party deur diep beproewinge, maar almal deur die Bloed.” God lei sy kinders. Sien, jy moet eers getoets word.

94 O, dan val die buite-egtelike in die beproewing, maar die ware kind van God bly getrou. Hy weet waar sy besitting lê, hy weet waar hy staan, hy weet wat met hom gebeur het, hy weet dat hy oorgegaan het uit die dood na die Lewe, en hy weet dat God gebed beantwoord.

95 Nou, ons sien hulle nadergaan, net hierdie een tree voor daar in die vuuroond ingegaan word, gelyk asof hulle heeltemal verslaan was.

Dit mag onder wees . . . Ek het kankergevalle sien kom tot amper by hulle laaste asem.

96 ’n Broer wat onlangs met artritis gelê het, het sy hande gehad wat gelê het soos *hierdie*. Die Heilige Gees het vir hom gesê, gesê: “SO SPREEK DIE HERE, jy’s genees.”

97 Hy het huis toe gegaan en erger geword. Hy het gesê: “Ek kan dit nie help nie, daardie man het my nie geken nie, hy het my nog nooit in sy lewe gesien nie.” Het in Phoenix gewoon. Hy het gesê: “Hy het my nog nooit in sy lewe gesien nie. Hoe kon hy vir my sê wie ek was? Ek weet deur hoe die man praat, hy’s geen leraar nie. Ek weet dat daar *iets* bonatuurliks was. En ek. . . iets het gebeur.”

Hulle kon nie eens die kussing beweeg nie, wanneer hulle die kussing beweeg het vir sy hande, sou hy sê: “O, vrou, vrou, wees versigtig!” O, net geskree.

En sy het gesê: “Skat, is jy nie bang jy bring oneer oor die einste godsdiens wat ons glo nie?”

Gesê: “Ek kan nie! Ek glo dit in my hart dat dit sal gebeur.”

98 En dit het so erg geraak, hy het agteroor gelê, en sy dogtertjie het ’n nat lap op sy gesig probeer sit, hy het flou gevoel, en hy het daar opgekyk, en hy het gesê hy het Christus voor hom sien kom op die kruis. En gesê, toe Hy sy hoof gebuig het om te sterf, het hy gedink sy asem gaan weg, hy kon nie meer asemhaal nie, die artritis was regdeur hom, en toe hy sy hoof gebuig het om te sterf, het hy Christus Sy hoof daar sien buig, meteens het hy ’n groot sprong gegee, en uit die stoel, en om-en-om-en-om die plek waar hy gegaan het.

En dit, hoekom? Hy het die poort in besit geneem toe Hy deur die beproewing gegaan het. Maar eers, moet jy besit. . . moet deur die beproewing gaan.

99 Die Hebreeuse kinders was by daardie plek. Partymaal dink ons dis baie donker, maar onthou, dis in die donkerste uur wanneer Jesus verbykom.

100 Dit was Maria en Martha, die sustertjies van Lasarus, Christenfamilie het hulle sinagoge verlaat om in die Here Jesus te glo, en dit was hulle donkerste uur.

101 Hulle het uit hulle kerk uitgekom, hulle kon nie meer teruggaan nie, wie ook al bely het om ’n volgeling van Jesus te wees, is geëkskommunikeer uit die kerk omdat Hy ’n—’n radikaal was, Iemand wat rondgaan en hulle kerke opbreek. En hulle wou dit nie hê nie, so hulle het gesê: “Enigiemand wat hom probeer volg, wel, ons sal jou uit die gemeenskap uitgooi.” So hulle was buite gemeenskap. En hulle kon nie terugkeer kerk toe nie, hulle het ketters geword.

102 En toe, die einste Man vir wie hulle uitgekom het, die Here Jesus, einste Man waarvoor hulle uitgekom het, hulle het Hom gevra om vir hulle broer te kom bid toe hy gelê het, besig om dood te bloei, en hulle. . . Hy het geweier om te kom. Hulle

het die tweede keer gevra en Hy het geweier om te kom. O, hoe donker was die uur toe! Uiteindelik, het die middernaguur gekom, getref, en die seun het gesterf. Hulle het hom in die graf gesit, hy was vier dae daar, sy liggaam het alreeds begin verrot. Velwurms was in hom, goggas uit die grond het in sy vlees ingekruip, die donkerste uur wat hulle ooit gesien het, dit was op daardie tyd toe Jesus verbygekom het, net op daardie donker uur.

103 O, 'n vrou wat, nie lank gelede nie, gesê het: "Broer Branham," ek het gepraat van die opstanding van Lásarus, gesê: "Jy bedoel nie om . . . Jy spog te veel oor Jesus wat Goddelik is."

Ek het gesê: "Hy was Goddelik, ja."

Sy het gesê: "Wel, ek sal vir jou bewys deur jou Bybel hy was nie."

Ek het gesê: "Doen dit."

En sy het gesê: "Wel, die 11de hoofstuk van Johannes het gesê hy het na die graf van Lásarus toe gegaan, hy het geween."

104 Ek het gesê: "Dit het nie—dit het niks daarmee te doen gehad nie, Hy was beide mens en God." Ek het gesê: "Hy was 'n man, waarlik, toe Hy geween het, maar toe Hy langs 'n man se graf gestaan het wat al vier dae dood was, en sy neus wat alreeds ingeval het, die goggas wat in sy liggaam geëet het, gesê het: 'Lasarus, kom uit,' het dit meer as 'n man gekos." Ja, meneer.

105 Hy was 'n man toe Hy van die berg afgekom het daardie nag, rondgekyk vir iets om te eet aan daardie olyfboom, en hulle het niks daar gevind nie, Hy was 'n man toe Hy honger was, maar toe Hy vyf broodjies en twee stukke vis geneem en vyfduisend gevoed het, was dit meer as 'n man, ja, meneer, dit was God in daardie Man. Ja, meneer.

106 Hy was 'n man wat daarbuite agter in daardie bootjie gelê het daardie aand, duiwels, veertigduisend van hulle, van die see, het gesweer hulle sou Hom verdrink, daardie ou skippie soos 'n bottelprop daarbuite, wat ronddobber, die duiwel het gesê: "Ons het hom nou, hy's aan die slaap. Ons sal hom verdrink." Hy was 'n man, moeg en vermoeid, wat daar agter in daardie boot gelê het, met 'n kussing iewers, aan die slaap. Maar, broer, toe Hy eers opgestaan het, o goeiste, Sy voet op die rand van die boot gesit, opgekyk, en gesê het: "Swyg, wees stil," en die winde en die golwe Hom gehoorsaam het, was dit meer as 'n man, dit was God in daardie Man.

107 Dit was 'n man wat uitgeroep het om genade aan die kruis, dis reg: "My God, waarom het U My verlaat?" Hy het gesterf besig om uit te roep om genade, dis reg. Maar op daardie derde oggend, toe Hy die dood se seëls gebreek, en weer opgestaan het op die derde dag, en opgevaar het in die Hoogte, was Hy meer as 'n man.

108 Almal wat ooit enigiets was, het dit geglo. Dis reg. Digters, skrywers, profete, wat ook al, glo dit.

109 Nou, die Hebreeuse kinders, wat deur hulle beproewing gaan, hulle was tot op die laaste oomblik, hulle was net gereed om in die oond in te stap. Weet julle wat? Partymaal kyk ons hoe dinge hier op aarde aangaan, maar daar's die heeltyd iets aan die gang in die Hemel. Ons mag dalk nie in staat wees om dit te sien nie, maar dit gaan aan, in elk geval. [Broer Branham maak sy keel skoon—Red.] (Verskoon my.)

110 Laat ons nou ons kamera na die Hemel draai. Ek kan Jesus sien sit op die Troon, teen daglig, rook wat ver opstyg in die lug uit die oond, ek sien Hom daar sit en dophou, kyk wat hulle gaan doen. Dis wat Hy aan my en jou doen wanneer ons beproef word. Hy het belowe dat die Saad van Abraham die poort van die vyand in besit sou neem, ek glo dit.

111 Ek sien Hom kyk, meteens, kom 'n groot Engel op na sy regterkant, staan op aandag, sit sy hand op sy swaard, Gabriël, gesê: "Vader, het U daar afgekyk? Hulle is die Saad van Abraham. Hulle is, hulle glo in U, hulle het heelnag gebid, en hulle gaan reg in hulle dood in. Laat my soontoe gaan, ek sal die toneel verander." Ek glo hy kon dit gedoen het. Dis reg.

Hy het gesê: "Dis reg, Gabriël. Jy's 'n goeie Engel, staan net daar."

112 Hier kom nog een op, sy naam is Alsem, hy's die—die Engel oor al die waters. Ek sien hom op aandag staan, gesê: "Vader, het U afgekyk in Babilon?"

"Ja, Ek het hulle heelnag dopgehou." O, Sy oog is op die mossie, en ek weet Hy hou my dop. "Ek het hulle heelnag dopgehou."

113 "Hulle maak gereed om drie mans daarbo te verbrand vanmôre, Sade van Abraham wat U op u Woord geneem het, en dapper daarop gestaan het. U weet eenkeer het U vir my gesê om al die waters los te laat. Ek het die beheer, U my sal laat afgaan, sal ek Babilon van die kaart afwas." Hy kon dit gedoen het.

114 Ek kan Hom hoor sê: "Dis reg, Alsem, jy's 'n wonderlike Engel. Jy—jy het net presies alles gedoen wat Ek vir jou gesê het om te doen vandat jy geskep het. . .Ek jou geskape het. Jy het, ook, Gabriël. Maar julle weet, Ek gaan Self af, hierdie is My werk." O goeiste!

115 Net toe hulle gereed was, hulle laaste tree te gee, kan ek Hom sien opstaan, Sy priesterklere van Hom laat afval waar Hy vanaand sit. Hulle is Bloederig, om voorspraak te maak volgens ons belydenis, want Hy het gesterf om enigiets te vervul wat ons vra. Waar is ons geloof in Hom?

116 Daar staan Hy op, beduie *daardie* kant toe, en hier kom 'n groot, wit wolk verby, klim daarop, roep die oostewind,

noordewind, suidewind, en westewind, om hulle soos perde aan te dryf, uitstrek, die sig-sag weerlig beetkry, dit klap oor die hemele. Voor hulle ooit daar kon instap, was Hy in die vuuroond saam met hulle.

117 Hy het daarbinne gestaan met 'n groot, palmwaaier daar iewers van die Boom van die Lewe af, die vurige vlamme van hulle afgewaai soos *daardie*, Gesê: "Ek wou net daaroor praat met julle kinders. Ek weet dat julle die Saad van Abraham is, Ek het die belofte gegee, en Ek is hier om te antwoord, kom hier," die vuur weggehou, o, ja.

Hulle het oopgemaak, gesê: "Hoeveel het julle daar ingesit?"

Gesê: "Drie."

118 Hy het gesê: "Daar's nog Een daarin, en Hy lyk soos die Seun van God." Hy was. Hoekom? Hulle, nadat hulle beproef was, het hulle die poort van die vyand in besit geneem. Amen.

119 Daniël is by dieselfde ding gebring nadat hy deur 'n beproewing gegaan het of hy sou bid of nie. Hy het die gordyne opgelig, die hortjies oopgegooi, en gekniel en gebid, net soos hy altyd het. Ja, meneer. Het gebid net soos hy altyd het. En wat het gebeur? Hulle het deur die beproewing gegaan.

Hulle het gesê: "Ons sal jou vir die leeus voer," en hulle was vir weke lank uitgehonger.

Gesê: "My God is in staat om my te verlos van daardie leeus."

Maar nadat hy deur die beproewing gegaan het, wat het gebeur? Hy het die poort van die vyand in besit geneem. Hoekom? Hy was getrou aan God.

120 Moses, nadat hy getrou was aan God, deur die beproewings gekom, en die kinders van Israel net langs die verpligte pad gebring het, het die hele natuur daarteen uitgeroep, hier was die berge aan een kant en die woestyne, Farao se leër wat agtervolg, en die Skelfsee het hulle afgesny. Wel, hulle was vasgevang! Gelyk asof God 'n swak militêre man was, om hulle reg in daardie hoek in te druk daar en hulle te laat vergaan.

121 God hou daarvan om dit te doen. God hou daarvan om Sy hand as magtig te wys. Ja, Hy doen dit. Hy hou daarvan om Sy krag te wys. Hy wag vanaand om dit vir jou te wys, om daardie sondaar te neem en hom om te draai, daardie ontugtige vrou te neem en haar te verander in 'n goddelike, heilige vrou, daardie meisie te neem wat die verkeerde pad gekies het, daardie seun die verkeerde pad, hulle terug te bring na 'n plek, en seuns en dogters van God van hulle te maak.

122 Hy's gereed om daardie man te neem wat sterwend is aan kanker, daardie met die hartprobleem, daardie wat blind is, daardie een wat beproef is, as hy net sy geloof daarin sal plaas om hom om te draai van die dood na die lewe, hom 'n getuienis te gee.

123 Hy wag om dit te doen, Hy plaas jou reg in die strik om te sien wat jy doen. Hy het hulle reg onder in daardie strik daar gesit, gelyk asof die natuur self sy gesig verberg het. Ja.

Een skrywer het eenkeer gesê, dat toe hulle in daardie plek gekom het, gewonder wat Moses sou doen. Hulle het een opdrag gehad: "Gaan vorentoe."

124 As jy jou plig uitvoer, maak nie saak wat in die pad bly nie, die grootste ondervindings wat ek ooit gehad het, is om teen iets te kom waar ek nie daaroor kon kom, of daaronder nie, net daar te staan en kyk hoe God 'n weg daardeur maak. Dis hoe om dit te doen, beweeg net, hou aan beweeg, druk jou neus daarteen. Hou net aan beweeg, hou net aan, God sal 'n weg maak.

Die ou, gekleurde man onder in die suide wat 'n Bybel gedra het, hulle het gesê: "Hoekom dra jy daardie Bybel, Mose? Jy kan nie lees nie."

Gesê: "Ek glo Dit."

Gesê: "Wel, hoe—hoe weet jy dis reg?"

Hy het gesê: "Wel, dis, ek glo dit van *omslag* tot *omslag*, die *omslag* ook." Sê: "Dit het die Heilige Bybel daarop geskryf."

Gesê: "Ek reken jy glo alles wat daarin is?"

Gesê: "Ja, meneer."

"Ek reken jy glo wat God jou ook al sou sê om te doen, jy dit sou doen?"

Hy het gesê: "Ek sou dit doen."

Gesê: "Wat as Hy vir jou sou sê, spring deur daardie muur, daardie klipmuur? Hoe gaan jy daar deurkom?"

125 Hy het gesê: "As Hy vir my sou sê om te spring, sou ek spring, Hy sal 'n gat maak wanneer ek daar kom." So dis reg. So dis die ding wat jy moet doen, is om God te neem, en Dit te glo, en te spring, in elk geval.

126 As jy weet jy kan dit verduidelik, dit verstaan, dan sou dit nie meer geloof wees nie. Jou geloof is wat jy glo wat Hy vir jou gedoen het. "En geloof is 'n vaste vertroue op die dinge waarop ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie." Jy sien dit nie, jy kan dit nie verstaan nie. Daar's geen manier om God te verstaan nie, jy moet Hom net glo, en aanhou loop. Hy het so gesê.

127 Dis hoe ek in die preekstoel staan vir die visioene. Dis wat . . . Hy sê vir my gaan doen sekere dinge wat menslik onmoontlik lyk, en julle weet dit almal, dit is menslik onmoontlik, maar Hy gesê het om dit te doen, gaan net aan, Hy's die Een om daarvoor te sorg, en Hy sal dit doen. Ja. Hoe groot is U!

128 Toe Moses vasgevang was in hierdie plek hier, nou, is hy reg in die uitvoer van sy plig, reg in die uitvoer van sy plig, God

het hom reg daarnatoe gelei. Wat gaan Hy doen? Die Skelfsee, 'n definitiewe lokval, maar Moses het net vorentoe gemarsjeer.

129 Een skrywer, glo ek, het gesê dat God afgekyk het deur daardie Vuurkolom met kwaai oë, afgekyk het na daardie Skelfsee wat Sy kinders in die uitvoer van hulle plig probeer afsny het, en gesê die see het bang geword, en teruggerol, en net 'n pad vir hulle gemaak.

130 Wel, as Hy deur 'n Vuurkolom kon kyk en dit doen, wat sou dit doen wanneer Hy gekyk het deur die Bloed van Sy Eie Seun na 'n belyer wat daar staan, met 'n belofte dat God gesweer het Hy sou daarvoor sorg, en gesweer het dat Hy sou, dat Sy Saad van Abraham die poorte van die vyand in besit sou neem? Sekerlik. Hy is verplig om dit te doen deur die Bloed van Sy Eie Seun wat op die genadetroon lê, vanaand. O, as ons kon wegkom van hierdie aardsgebonde idees, en daarbo kan kyk, sien Wie die belofte gemaak het, die einste God van die skepping! Ja.

131 Josua, ook, nadat hy 'n beproewing by Kades gehad het, teruggekom het, negentig persent van die predikers gesê het: "Ons kan dit nie inneem nie."

132 Josua het gesê: "Ons is meer as in staat om dit in te neem," hy en Kaleb. En hy was die enigste twee uit die twee-en-'n-halfmiljoen mense wat oorgegaan het. Wat het hy gedoen? Hy het by die Jordaan gekom, dit het hom uit die beloofde land gehou, maar hy het die poort van die vyand in besit geneem. Hoekom? Omdat hy God op Sy Woord geneem het, hy het 'n beproewing gehad, en hy het dit geglo, Hy het geweet God het Sy Woord gehou, so het hy die poort van die vyand in besit geneem.

Ek kon aan en aangaan, maar ek is oortyd.

133 Al hierdie groot krygsmanne, elkeen van hulle, hulle het groot dinge gedoen, hulle—hulle. . . groot wonderwerke, en het rondgedwaal in skaapvelle, in woestyne, en was behoeftig, en sommige uitmekaar gesaag, en allerhande dinge. Soos Hebreërs 11 sê, al hierdie groot krygsmanne het almal afgekom om te sterf, elkeen van hulle het afgekom om te sterf, maar eendag, een glorieryke dag, het daardie Koninklike Saad van Abraham gekom, gebore uit 'n maagd. Ja.

134 Toe Hy op die aarde gewandel het, was Hy die ware Saad van Abraham. Hy het op die aarde gewandel, Hy het die poort van siekte vir die mense in besit geneem, Hy het die poort van beproewing in besit geneem. Alles wat Hy. . . In die tuin van Getsémane, in die voorhof daardie oggend, het Hy die poorte van versoeking in besit geneem. Op die Berg van Verheerliking, daar het Hy Homself bewys.

135 Toe die duiwel Hom opgeneem het na 'n ander berg, het Hy die mag oor die vyand besit om te wys dat Hy dit kon doen. "As U die Seun van God is, verander hierdie klippe in brood."

136 Hy hoef dit nie te gedoen het nie, Hy het gesê: "Daar staan geskrywe, die mens sal nie van brood alleen lewe nie." Hy het die Woord van God geneem, want Hy was 'n ware Saad van Abraham, en het elke seëning besit wat God belowe het. Ja, meneer.

137 Daar gestaan onder versoeking, gesê: "Ek kon dadelik met My Vader praat, en Hy sou vir My twintig legioene Engele stuur." Wat sou 'n mens kon doen? Twintig legioene Engele, hulle kon dit verander as hulle wou. Dis reg. Maar Hy moes op alle maniere versoek word soos ons. Daar gestaan met handevol baard uit Sy gesig uitgepluk, en die Bloed en bespotting, dronk spoeg van die soldate wat aan Sy gesig hang.

138 Hulle het 'n lap oor Sy kop gesit soos *hierdie*, en Hom op die kop geslaan met 'n riet, gesê: "Nou jy het gesê jy was 'n profeet, jy kan die gedagtes van die mense lees, sê vir ons wie jou geslaan het. Sê vir ons wie jou geslaan het." Hy kon dit gedoen het, maar Hy sou na die duiwel geluister het. Hy het die poort van die vyand in besit geneem, Hy het die versoeking weerstaan. O God, vir so 'n Een! Dis reg.

139 Toe, toe Hy gesterf het oorkant by die kruis, het die hel Sy kosbare Siel geneem. Die Bybel het gesê Sy Siel het in die hel neergedaal. Dis presies reg. Die hel het Sy Siel gevange geneem, en Hom daarnatoe geneem. Maar broer, op daardie derde dag het Hy die poorte van die dood, die hel, en die graf in besit geneem, en op die derde dag opgestaan, dit alles oorwin. Hy het siekte geneem, dood, hel, die graf, en alles.

140 Ek glo Hy het die poort reg van hulle skarniere afgeruk, en hulle uitgehaal, opgestyg in die Hoogte, opgevaar in die Hoogte. En, vanaand, is julle meer as oorwinnaars. Sy Saad sal die poorte van die vyand in besit neem. Ja, meneer. Hy het elke poort in besit geneem, Hy het elke siekte oorwin, Hy het elke sonde oorwin, Hy het elke versoeking oorwin, Hy het die dood oorwin, Hy het die hel oorwin, Hy het die graf oorwin, Hy het die poort van hulle almal in besit geneem. En ons in Hom is meer as oorwinnaars, terwyl ons in Hom is, want Hy het vir ons oorwin. O, ons ooit sou weet wat daardie ware Saad van Abraham was, wat dit regtig vir ons beteken het nie!

141 Die duiwel het Hom betwyfel. Die duiwel, dit was eenkeer wat hy die wol, soos ons dit noem, oor sy oë laat trek het. Toe hy Hom opgeneem het op die berg, waarvan ek 'n paar oomblikke gelede gepraat het, het hy gesê: "Kan dit wees? Daardie man is net 'n profeet. Kan hy die Seun van God wees?" Hy het gesê: "As jy die Seun van God is," gewys hy het dit betwyfel: "as U die Seun van God is, beveel dat hierdie klippe brood word, want jy's honger, jy het veertig dae gevas, eet."

Jesus het gesê: "Daar staan geskrywe, die mens sal nie van brood alleen lewe nie."

142 Hom opgeneem op die bopunt van die tempel, gesê: "Werp uself neer, want daar is geskrywe, Hy sou Engele opdrag gee aangaande U, sodat U nie op enige tydstip, U voet teen 'n klip sou stamp nie, hulle sal U bewaar."

Hy het gesê: "Ja, en daar staan ook geskrywe . . ." Alles, Hy het hom trotseer met die Woord van God, want Hy was die ware Saad van Abraham.

143 Hy het elke poort van versoeking in besit geneem. O, hoe Hy het! Hy was 'n Man, Hy was 'n Man soos jy is, soos ek is. Hy het 'n reg gehad om getroud te wees, Hy het 'n reg gehad om 'n huis te hê, Hy het 'n reg gehad op die dinge wat ons het, Hy het 'n reg gehad om klere te hê. Hy kon dit gedoen het, 'n Man wat water in wyn kon verander, wat kon weet waar 'n muntstuk in 'n vis se mond was, wel, Hy het die hemele en aarde besit, maar tog het Hy weggebly van daardie dinge.

144 Die soetste woorde in die Bybel toe Hy gesê het: "Vader, Ek heilig Myself dat Ek hulle kan heilig." Wat het Hy probeer doen? 'n Voorbeeld te stel. Hy het twaalf manne uitgestuur met 'n Evangelie wat die wêreld sou oorwin, en Hy maak staat op my en jou om dit te doen. As Hy Homself so kon heilig, wel, behoort ons elke mislukking, en elke twyfel opsy te sit, en alles anders, en onsself te heilig! Want ons is die Saad van Abraham deur Hom, wat meer as oorwinnaars deur Hom is. Ja.

145 Hy het 'n reg gehad om getroud te wees, Hy het 'n reg gehad om 'n huis te hê, Hy het 'n reg gehad om Sy kop op 'n kussing neer te lê, maar "Die jakkalse het gate, en die voëls het neste; en die Seun van die mens het nooit 'n plek gehad om sy hoof neer te lê nie." Hoekom? "Ek heilig myself, Vader, om hulle ontwil, doen Ek dit."

146 "Om hulle ontwil," nie omdat Hy moes nie, maar "om hulle ontwil," het Hy elke vyand oorwin.

147 Daar gestaan in die hofsaal daardie dag, of, die binnehof, toe Hy verhoor en valslik beskuldig is, die enigste ding wat hulle teen Hom gevind het, was die verbreking van die Sabbatdag, Hy het gesê: "Ek's die Here van die Sabbat," en Hy was. "Homself God gemaak," en Hy was God. En daar, al daardie vals beskuldigings en dinge, en valse getuies wat hulle teen Hom gehad het. Uiteindelik, geslaan met 'n groot kats totdat Sy ribbes deurgeskyn het, en die kleedjie wat Hy op Sy rug gehad het, hulle het dit uitgetrek, Hom teen 'n paal geslaan. Wat was dit? Dit was die ware Koninklike Saad van Abraham.

Dis waar ons staan, vanaand:

> My geloof is gebou op niks minder
> As Jesus se Bloed en geregtigheid;
> Wanneer alles om my siel meegee,
> Dan is Hy my hele Hoop en Vastigheid.

Want op Christus, daardie vaste Rots, staan ek;
Alle ander grond is net dryfsand,
Alle ander grond is net dryfsand.

Dis waar ek my hoop vestig, net daar op daardie vaste Rots.

148 Abraham se Saad, Hy het elke poort in besit geneem, selfs tot die dood en die hel. Sien Hom daar. Het 'n bespotting gehad... Daardie vrou wat weer Sy voete probeer was. Het 'n lap oor Sy gesig gesit, en gesê: "As jy 'n profeet is, sê vir ons wie jou geslaan het, ons sal jou glo."

Aan die kruis het hulle gesê: "As jy die Seun van God is, kom af, en ons sal jou glo."

Hulle sou Hom in elk geval nie glo nie, maak nie saak wat Hy gedoen het nie; Hy het Hom nie aan hulle gesteur nie.

149 Kom ons kyk 'n bietjie na Hom vanmôre, of, vanaand. Dit was 'n verskriklike oggend daardie oggend. Ons is agter in 'n kamer. Laat ons net, ek gaan hierdie gemeente neem, ek wil hê julle moet na iets kyk. Kom ons gaan na die venster toe, ek hoor 'n gillende skare. Wat is fout? Lig die gordyn op en kyk uit. Ek hoor iets stamp, wat in die straat afkom. Wat is dit? 'n Kruis wat sleep, in die straat af, *stamp-stamp*, oor daardie ou keistene, wat opgaan na Gólgota. Dis die Saad van Abraham, daar gaan die tweede Adam.

150 In die tuin van Eden toe God gehad het, aan Sy heiligheid, en getrou aan Sy Woord, toe Eva en Adam kwaad gedoen het, toe God, Self, op-en-af deur die tuin gehardloop, geskree het: "Adam, Adam, waar is jy? Waar is jy, Adam?" As iemand wil weet waar... Wie hierdie man was, Jesus, Wie was Hy wat kom soek het na Sy eerste verlore seun? Het God 'n Engel gestuur? Hy het Self gekom, Hy het Self gekom, dis hoe Hy gekom het. Jy wil neem... [Leë kol op band—Red.]

151 ...geregtigheid. As daar nie geregtigheid is nie, is daar geen wet nie. As jy nie geregtigheid... straf het wat daarmee saamgaan nie, help dit nie om die wet te hê nie. Wat help dit om 'n wet te hê wat sê, tien dollar boete om oor die stoplig te ry, en dan nie... sê: "Moenie oor die stoplig ry nie," en geen boete daarvoor nie, geen boete om te betaal, geen straf nie? Sonder straf, is daar geen geregtigheid nie. So die geregtigheid moes sterf, so dit was die enigste ding wat Hy kon doen.

152 En toe, toe Hy Eva daar sien staan het, daardie pragtige vroutjie, daardie regte manlike man wat daar gestaan het, daardie groot, sterk spiere, en die bloed wat van sy arms afloop van daardie ou bebloede skaapvel af, klein Evatjie wat daar gestaan het, die mooiste vrou wat ooit in die wêreld was, omdat sy deur God se Eie hand geskape is, haar oë was soos die sterre van die hemel. Sy het nie Max Factor se goed nodig gehad om haar mooi te maak nie, en toe sy gehad het, oorkant soos *hierdie*, en daar het sy daar gestaan, die bloed het teen haar pragtige

liggaampie afgeloop, daar gestaan, gekyk in die aangesig van God, in daardie groot Lig, wat daar hang in daardie palmbome: "Gaan uit My Teenwoordigheid uit."

153 Nou, hou Adam dop soos hy begin weggaan, en oor sy bene daardie ou bebloede skaapvelle, wat *so* oor sy bene kap, Hy kon dit nie verduur nie, Hy's 'n Vader, gesê: "Net 'n oomblik, Ek sal vyandskap plaas tussen jou saad en die slang se saad."

154 Waar was dit? Hier was dit by Gólgota. Hier gaan Hy op, hierdie tweede Adam, God Self het afgekom en het mens geword, teen die heuwel opgegaan.

155 Die duiwel het altyd daardie Woord gehaat, maar dis reg. Ja, meneer. Hy was meer as 'n profeet. Mense vandag met hierdie gesosialiseerde godsdiens, wat sê dat Jesus was: "Net 'n goeie man, 'n—'n filosoof, dis goed om sy leer te hoor."

156 As Hy nie God was nie, as dit nie Emmanuel se Bloed was nie, dan was Hy 'n man soos ek is, dis reg, en is ons verlore. Hy was God. God, die Heilige Gees, het Maria oorskadu en 'n Bloedsel geskep wat voortgebring het, nie 'n Joodse bloed nie, nie 'n Heidense bloed nie, maar God se Eie Bloed. Bloed kom van die manlike geslag, hierdie is 'n geskape Bloed, glad geen seks daarin nie. En dit was God Self, wat gegaan, daar teen die heuwel opgeloop het.

157 Laat ons na Hom kyk, Hy het 'n kleedjie oor Sy skouers gegooi gehad, dit was geweef sonder 'n naat. Ek let op soos Hy loop, ek kyk na Hom met geloof, wys Hom vir julle almal met geloof, daar's klein rooi kolletjies regoor die agterkant van daardie kleed. Wat maak dit so? Soos Hy verder in die straat opgaan, en die kruis wat teen sy skouer skuur, let ek op daardie kolletjies begin groter en groter word. Wat is hulle? Wat is die probleem? Meteens het hulle almal een yslike groot, bloederige spatsel geword. Dan hoor ek iets anders teen Sy been kap, tweede Adam, wat teen die heuwel opgegaan het met 'n bebloede kleed wat teen Sy been kap.

158 Julle weet, Satan het gesê, rondgekyk, gesê: "Weet jy wat? Ek glo nie eers nou hy's 'n profeet nie. Ek weet dit kan nie God wees nie, God sou nooit so optree, daardie spottende klomp dronkaards oor Hom laat loop soos daardie nie, hulle hom *holy-roller* laat noem," ek praat met julle: "hulle hom *ou model* laat noem, so-iets, 'Jy's 'n ou fanatikus' nie, Hy sou dit nooit doen nie."

159 Maar dit . . . Hy was God. Sy Koninkryk was van bo, Sy afgevaardigdes is dieselfde ding, hulle Koninkryk is daar bo, hulle maak soos van *daar* bo, hulle praat van *daar* bo, "Waar hulle skat is, daar is hulle hart ook," hulle praat daarvan.

160 Soos Hy teen die heuwel opstap, kan ek daardie dood sien. Satan het daardie doodsteek soontoe gestuur, gesê: "Gaan

soontoe en kry hom nou." Gesê: "Gaan soontoe en kry hom, nou is die tyd om hom te kry."

161 Daardie by, soos 'n groot ou by van die dood, het om Hom begin gons, om en om Hom gedreun, sê: "Ja, kyk hoe bloei hy hom, kyk na hom, spoeg oral oor sy gesig. Kyk na hulle almal wat lag, hom bespot."

162 Ek sien 'n vroutjie uithardloop, en sê: "Wat het Hy gedoen? Watter kwaad het Hy gedoen? Wat het Hy gedoen, behalwe om vir ons die Evangelie te verkondig? Wat het Hy gedoen, behalwe om julle siekes te genees?"

Iemand slaan haar uit die pad uit, gesê: "Sal julle luister na daardie mal vrou in plaas van julle priester? Gaan teen die heuwel op saam met hom."

163 Hulle het Hom weer geslaan, Hy gaan verder teen die heuwel op. Die by sê: "Ek sal hom oor 'n rukkie kry wanneer hulle hom aan die kruis hang."

164 Julle weet alle insekte, bye en goed, het 'n angel, en die dood is 'n by, dit het 'n angel. Maar weet julle wat? Wanneer een van daardie bye ooit sy angel baie diep anker, trek hy sy angel uit. Broer, toe hy sy angel in daardie vlees ingesteek het, was dit nie 'n mens nie, Hy het sy vlees geanker in Emmánuel, en toe hy het, het Hy sy angel uitgetrek. Ek sê julle, vir Abraham se Saad nou, kan hy gons en 'n geraas maak, maar hy kan geen angel hê nie.

165 Een van hulle wat na sy dood gekom het, het gesê: "O dood, waar is jou angel? Doderyk, waar is jou oorwinning? Maar dank sy God, Wat ons die oorwinning gee, deur ons Here Jesus Christus!"

166 Ja, hy kan gons, en 'n groot geraas maak, en baklei, en hospitaal intrek, jou, in, 'n hospitaal, en vir die dokters sê wat daar staan, en 'n klomp rouklaag en gehuil, maar jy kyk hom in die gesig en sê: "Dood, waar is jou angel? Ek kan daar oorkant wys na die Koninklike Saad van Abraham, deur Wie se Bloed ek gebore is, Hy het daardie angel uit die dood uitgetrek, so, dood, jy het geen angel vir my nie."

Graf: "Ek sal jou eendag vorm."

167 "Waar is jou oorwinning? Maar dank sy God, Wat ons die oorwinning gee, deur ons Here Jesus Christus." En Sy Saad sal die poorte van sy vyande in besit neem, die poort van al sy vyande in besit neem.

168 En toe Hy gekom het, het Hy elke poort in besit geneem, die poort van siekte, die poort van die dood, die poort van die hel, die poort van versoeking, die poort van die graf, Hy het elke poort in besit geneem en dit vrylik vir ons gegee, en maak ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad, en Homself vir ons gegee het.

169 Laat ons ons hoofde net 'n oomblik buig terwyl ons daaraan dink. Ek wonder vanaand, of toevallig: Hoeveel is hier in hierdie gebou wat Hom nie ken as julle Verlosser, en jy weet dat jou lewe nie reg is met God nie, sal jy jou hand opsteek? Sê: "Bid vir my, Broer Branham, in hierdie afsluitingsgebed, wil ek hê jy moet vir my bid."

170 God seën jou, agter oorkant in die hoek. God seën jou ver daaragter, dame. Sou daar nog meer wees? Hoeveel nog, bo in die balkon? Kan ek 'n paar hande daarbo sien? Al daardie mense, God seën julle daaragter. God seën jou hier, dame.

171 Sal iemand anders net jou hand opsteek? Dit sal jou nie seermaak nie. Goeiste, steek net jou hand op, sê "Ek . . . " Jy ken jouself. Sê: "Broer Branham, ek's nie Abraham se Saad nie, ek behoort aan die kerk." God seën jou hier, meneer. "Ek—ek's nie Abraham se Saad nie." God seën jou, dame, net hier. Die Here ryk wees aan julle, vanaand. Oorkant aan my regterkant, ja, die Here seën jou.

172 Iemand anders? Sê, steek jou hand op, en steek net jou hand op, sê: "Onthou my, Broer Branham, in jou gebed, ek wil—ek wil Abraham se Saad wees." Want onthou, as jy nie Abraham se Saad is nie, is jy nie in die belofte nie.

173 Nou, jy mag aan een of ander kerk behoort, en dis in die haak. Ja, meneer. Ek het niks daarteen dat jy aan die kerk behoort nie, ek dink dis 'n goeie ding. Maar, broer, suster, dit sal jou niks help in die uur van jou dood, of by die Koms van die Here Jesus nie, jy sal Abraham se Saad moet wees.

174 En die enigste manier wat jy Abraham se Saad kan wees, is om jou eie self te verloën, en aan jou eie self te sterf, en wedergebore te word uit die Heilige Gees, want die Lewe wat in Christus was, maak ons Abraham se Saad. Ons neem sy Saad aan deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is deur die belofte van God, "En die belofte is aan julle, en aan julle kinders, aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep."

175 Agt of tien hande was op. Sou daar nog meer wees met eerlike opregtheid? Wees net eerlik met jouself. As jy 'n kerklidmaat is, ons vra jou nie om by hierdie kerk aan te sluit nie, nee, ons wil net hê jy moet 'n Abraham se Saad wees.

176 Broer, suster, ek mag julle nooit weer in hierdie lewe sien nie, maar daar by die Oordeelsbank, sal ek julle moet trotseer. Sien? Nou, onthou hierdie aand, die 13de dag van Februarie, 1961, wanneer hierdie dag daar oprol op die doek van die hemele van die Oordeel, sal julle hierdie diens onthou.

177 God seën jou daar oorkant teen die muur. "Ek wil aan Jesus glo, ek wil Abraham se Saad word, vanaand." Ek het gekoop . . . Die Bybel het gesê dit wat uiterlik is, is nie Jood nie, maar dit

wat innerlik is. Sy—sy Saad sal die poorte van die vyand in besit neem.

178 Ons het die vyand nou aan die vlug. Tien of twaalf hande was alreeds op. Daardie . . . Ons wys dat ons die vyand op die vlug laat slaan het. Sou daar nog een by ons geledere aansluit vanaand, en julle hande opsteek en sê . . .? God seën jou, meneer. God seën jou. Sou daar wees, daaragter? God seën jou daaragter. Ja, my broer, bo in die balkon, die Here seën jou. Ja. Sluit aan by ons geledere. Ons het die vyand nou aan die hardloop.

179 Gisteraand het ons hom laat begin met die siek mense. Kyk net na die kankergevalle, en alles, wat gisteraand hier verlos is. Die vyand beweeg nou. Verlede week het ons net geveg, en gekap, en alles wat ons kon, maar ons het die vyand aan die beweeg. Sien?

180 Nou, baie kom op, kom uit in die geledere, neem . . . vul net in. Daar is . . . Sal jy nie kom aansluit by ons, vanaand nie? Sluit jou hande aan by God vanaand, gaan dood vir die dinge van die wêreld en aanvaar Christus as jou Verlosser. Sal jy jou hand opsteek voor ons bid? Sê: "Onthou my." God seën jou daaragter aan die agterkant, ek kan jou hand op sien ver aan die agterkant. Net nog een?

181 Wat van iemand van hier naby, nie 'n Christen nie? Sê: "Ek wil, onthou my, Broer Branham. Bid net vir my terwyl jy bid, onthou my net in jou gebed." Ek sal dit doen. Goed. Nou laat ons ons hoofde gebuig hou.

182 Nou, Hemelse Vader, daar's niemand van ons wat weet dat ons môre hier sal wees nie, hierdie mag die laaste aand op aarde wees wat ons deurbring. Daar's eendag wat ek hierdie Bybel die laaste keer sal toemaak, een of ander tyd sal ek my oë sluit, en my hoof buig vir die laaste keer, en elke persoon hierbinne sal dieselfde doen. Ons weet nie wanneer daardie tyd kom nie, Here. Ons weet daar's 'n yslike groot, donker kamer wat voor elkeen van ons sit, elke menslike wese, dit word die *dood* genoem.

183 En soos ons dink aan die skrywer van die *Thanatopsis*, elke keer wat my hart klop, kom ons een klop nader aan daardie kamer. Elke keer wat my hart klop, en daardie horlosie tik, is ons net een klop nader, eendag kom dit by sy laaste klop.

184 God, ons wil nie, ek pleit vir hierdie mense, ons begeer nie om in daardie kamer in te gaan gillende, en skreeuende, en wat wens vir meer lewe, en 'n paar minute om te bekeer, nie. God, ons wil daar inkom met 'n vrymoedigheid. Ons sal daar inkom as Abraham se Saad, die belofte in ons harte, in die wete, dat ons Hom ken in die krag van Sy opstanding, dat ons eendag, wanneer Hy roep, sal uitkom onder die dooies en opstaan, en gaan om by Hom te wees, om altyd by Hom te wees.

185 Ek bid vir hulle wat hulle hande opgesteek het, Here. Baie het hulle hande opgesteek, hulle is opreg, God. Hulle—hulle het

dit nie met hulle eie krag gedoen nie, daar moes 'n gegewe krag vir hulle gewees het, en dit was U krag. En hulle het hulle hande opgesteek dat hulle opreg daarin was.

186 God, dit is geskryf in die Woord dat die kragdadige, vurige gebed van 'n regverdige man . . . Nou, daar's nie een van ons wat regverdig is nie, maar ons aanvaar Sy geregtigheid, en ons bring Sy Bloed voor U, ons bring Sy Woord voor U, soos Hy gesê het: "Vra die Vader enigiets in My Naam, Ek sal dit doen."

187 Nou, ons bring U hierdie mense, deur geloof, reg voor U op, Here. Daar is hulle, hulle het gesondig, hulle het verkeerd gedoen, hulle wil vergifnis van hulle sonde hê. Hulle het hulle hande opgesteek na U, en vir my om vir hulle te bid dat hulle jammer is dat hulle dit gedoen het. Here Jesus, vergewe hulle. Mag hulle daardie ware soete vrede vind wat verstand te bowe gaan. Verstaan dat God die wêreld so liefgehad het dat Hy Sy Seun gegee het, dat—dat hulle die moed mag hê om hulle hand op te steek.

188 En laat hulle ook hierdie insig hê, Here, dat hulle gekies was, of hulle sou nooit hulle hand opgesteek het nie, want Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie eers trek nie." Laat hulle weet dat God, die Vader, langs hulle staan, met hulle hart praat, en hulle hierdie keuse gemaak het.

189 Hy het ook gesê: "Hy wat My Woord hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het oorgegaan uit die dood na die Lewe, en sal nooit in die Oordeel kom nie, maar het alreeds oorgegaan uit die dood in die Lewe," het nou Ewige Lewe. Vader God, U sou nie een weier nie.

190 En ek bid dat U hierdie genadig sal wees. En ek bid dat U hulle sal help, en om hulle nou vrymoedigheid te gee, nadat ek hierdie Skrif aangehaal het, dat dit U was wat hulle hulle hand laat opsteek het, want U het so gesê, "Niemand kan kom, tensy My Vader hom trek nie, en almal wat die Vader My gegee het, sal kom." En laat hulle weet, op daardie belydenis net daar, bewys dat U hulle sonde vergewe.

191 Nou, mag hulle nie skaam wees daarvoor nie, mag hulle met vrymoedigheid staan, sê: "Ja, ek aanvaar dit nou op grond van Sy Woord, dat ek nooit in die Oordeel van die veroordeeldes sal ingaan nie, want God het met my hart gepraat, en ek het my hand opgesteek dat ek Hom sou aanvaar as my Verlosser. Ek wou onthou word in gebed." Skenk dit, Vader.

192 Nou met ons hoofde gebuig, vra ek elkeen wat hulle hand opgesteek het, as julle glo wat ek vir julle sê, Christene, bid, God het dit gesê: Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie eers trek nie," nou, wat het jou jou hand laat opsteek? Dis die Heilige Gees daar wat jou vertel, jou oortuig dat jy verkeerd is. "En almal wat die Vader My gegee het," of mee gepraat het: "sal kom," (En jy het, het jou hand opgesteek:

"Ek's 'n sondaar, ek wil vergifnis hê, ek het verkeerd gedoen.") "Ek sal hom op geen manier uitwerp nie, hom Ewige Lewe gee, hom oprig op die laaste dag."

193 Nou, daar's nog een ding wat ek wil hê julle moet doen, "Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele." Nou, ek vra julle om een ding te doen in die goedheid van God. Dink net hoe goed Hy was om jou jou hand te laat opsteek.

194 Ek het met 'n jong meisie gepraat toe ek nog 'n Baptiste prediker was, ek was onder in Nashville, Tennessee, en ek het gelei gevoel om haar te vertel dat ek geglo het God roep haar vir die laaste keer. Sy het my buite die kerk ontmoet daardie aand, en sy het gesê: "Moet my nooit weer so in die verleentheid stel nie!"

Ek het gesê: "Ek het jou nooit in die verleentheid gestel nie, ek hoop so nie." Sy was 'n diaken se dogter.

Sy het gesê: "Ek's jonk, en ek het baie tyd om dit te doen."

195 Ek het gesê: "Dame, ek sou nooit my vinger na jou gewys het as ek nie gevoel het dat dit reg was nie. Ek het nog nooit 'n altaar-oproep gemaak as ek nie gedink het . . . " En sy het my net vreeslik uitgeskel.

196 Omtrent twee jaar later, was ek daar saam met my ou vriend, Broer Morrison, die Baptiste kerk, om nog 'n diens te hê, en toe ek het, het ek in die straat afgeloop, en sy was 'n gawe jong dame, sy het in die straat afgeloop, dit was vyf-en-twintig jaar gelede, en haar onderrok wat laag gehang het. O, hoe vieslik het sy gelyk! Ek het gedink: "Dit kan nie daardie diaken se dogter wees nie!" En sy het my gesien, sy het soort van geglimlag, haar kop sywaarts gedraai. Ek het nader na haar toe geloop.

Sy het gesê: "Hallo, Prediker."

Ek het gesê: "Hoe gaan dit?"

Sy het 'n tydjie daar op die hoek gestaan, gesê: "Kom, gaan saam met my na my kamer toe."

Ek het gesê: "Dankie, ek's soort van 'n bietjie haastig."

Sy het haar hand in haar handsak gesteek, en gesê: "Het jy 'n sigaret?"

Ek het gesê: "Nou, is jy nie skaam om dit te sê nie?"

Sy het gesê: "Miskien sal jy 'n drankie saam met my drink. Ek sal daarvoor betaal as jy dit sal drink."

197 Ek het gesê: "Skaam jou, dame! Skaam jy jou nie om 'n dienskneg van Christus so-iets te vra nie?" Ek het begin wegstap, ek het gesê: "Ek sal vir jou bid."

Sy het gesê: "Net 'n oomblik, dit sal nie help nie."

Ek het gesê: "Hoekom?"

Sy het gesê: “Onthou jy daardie aand toe ek by daardie roosbos gestaan het, langs daardie Baptiste kerk?”

En ek het gesê: “Ja.”

198 Gesê: “My vader is steeds diaken daar.” Gesê: “Jy kan dit vertel waar jy ook al wil, waar jy ook al gaan, as jy wil.” Sy het gesê: “Daar is ek die laaste keer geroep.” Sy het gesê: “Jy weet, van daardie tyd af,” gesê: “ek altyd ’n roepstem in my hart gevoel om na God toe te kom,” sy het gesê: “maar van daardie tyd af,” het sy gesê: “het ek harder en harder geword.”

199 Nou, hierdie is die stelling wat die meisie gemaak het: Sy het gesê: “My hart is so hard teen God, en teen die kerk, en alles,” gesê: “Ek kon my eie moeder se siel sien braai in die hel soos ’n pannekoek en daaroor lag.” Sien?

200 Nou is Hy jou genadig. Hy het aan jou hart geklop, en jy het jou hand opgesteek: “Ja, Here, ek’s verkeerd.” Dit was die Vader. Nou sal julle Hom genoeg bely, sal julle net op julle voete staan? Ek sal jou nie vra om niks anders te doen nie, staan net op jou voete sodat die mense kan sien dat dit God was wat aan jou hart geklop het. Nou, onthou, regte, ware kinders: “God het aan my hart geklop, ek wil op my voete staan, net die mense laat weet.”

201 God seën jou, meneer. God seën jou, jongman. Iemand anders staan op. Dis reg. Almal wat geklop het: “Ek glo nou,” staan net ’n oomblik op, net ’n oomblik. Asseblief, staan net ’n oomblik op, elkeen. Dis goed. Sou daar nog een wees wat wil staan, net op hierdie tyd? Sê: “Hy het aan my hart geklop, ek het nog nooit my hand opgesteek nie, maar ek gaan net nou vir Hom staan, ek sal net nou staan. Ek glo ek sal net nou vir Hom staan, want Hy het aan my hart geklop, ek wil nooit hê my hart moet in daardie slegte toestand soos daardie kom nie. Terwyl dit sag is, sal Ek opstaan.”

202 Nou, ek sê dit vir julle op gesag van God se Woord: As jy hier vir Hom staan, sal Hy vir jou staan by die Oordeel, “Hy wat My bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele.”

203 Ek sou julle mense vra, julle dierbare Christene wat nou so pas Christene in Christus geword het, so pas die—die uitnodiging gekry het om Abraham se Saad te wees, om ’n goeie kerk te vind en gedoop te word. God seën jou, Suster, om so op te staan. Dis baie goed.

204 Nou, bly net staan, ek wil weer vir julle bid. En vind ’n goeie kerk, word gedoop in Christendoop, en soek die doop van die Heilige Gees. Daar staan jongmense, jongmanne, en, wat predikers en sendelinge sou maak, God seën julle koninklike Lewe.

205 Nou, julle wat julle hoof gebuig het, ek wil hê julle moet julle oë oopmaak, en omdraai en kyk, sien wie dit is. En ek wil

hê julle moet nou, wanneer ons staan, vir hulle die regterhand van gemeenskap aanbied, as Christengelowiges, sê: "Welkom." Nooi hulle na julle kerk toe, of iets. Nou, laat ons almal op ons voete staan. Terwyl julle handskud met hulle, sê: "Welkom in die Koninkryk van God, vanaand," sê: "my geseënde pelgrimbroer," draai om, elkeen van julle, skud hande met daardie mense nou, terwyl ons sing.

> Net soos ek is, sonder een verdienste,
> Maar dat U . . . (Dis reg, Christene, wees baie liefdevol.)
> . . . gestort vir . . . (Ek kyk op in die balkon, jong mans wat huil, mense wat bewe.)
> . . . dat U my beveel het om na U toe te kom;
> O Lam . . . Ek . . .

206 Broer Buntain sê daar's 'n gebedskamer in die onderste verdieping. Hoe kom jy daar, Broer? Net reg deur die hekke, as julle wil afgaan, net binne 'n oomblik. En ek sal die diens aan hom oorgee. En miskien het sommige van julle nie . . . Hoeveel het nie die doop van die Heilige Gees nie? Steek jou hand op, en is soekende. Jy wil wees . . . God seën julle. "Wie ook al wil, laat hom kom." Is dit reg?

207 Nou, is julle nie gelukkig, julle wat opgestaan en Christus bely het, vanaand, nie? As jy baie goed voel daaroor in jou hart, steek julle hand op sodat die mense sien, julle wat julle hand opgesteek het, julle wat gekom het. Kyk daar, elkeen van hulle, 'n honderd persent. Ja, meneer. Dis reg. Hoeveel van julle almal is bly julle is Christene, vanaand? Steek jou hand op.

208 Wat het die Bybel gesê? Sy Saad sal die poort van die vyand in besit neem. Amen. Ons het vanaand oorwin in Christus, ons groot Oorwinnaar. Ons het die mure van sonde afgebreek, die mure van onverskilligheid afgebreek, en siele het in die Koninkryk van God inmarsjeer om op te staan in die opstanding in die laaste dag. Is ons nie gelukkig nie?

Goed, Suster: "Ek het Hom lief, ek het Hom lief, omdat Hy my eerste liefgehad het." Almal nou, almal saam:

> . . . Hom lief, ek het Hom lief
> Omdat Hy my eerste liefgehad het
> En my verlossing gekoop het
> Op Gólgota's boom.

209 O, het julle Hom nie lief nie? Nou, moenie nou weggaan nie, ek wil hê julle moet iets vir my doen. Nou, wanneer ons dit weer sing, wil ek hê julle moet handskud met iemand voor julle, iemand agter julle, regs en links, en sê: "God seën jou, pelgrimbroer, of suster. Bly om hier in die huis van God saam met jou te wees." Laat ons dit nou doen terwyl ons sing.

Ek . . . (God seën jou, my pelgrimbroer. God seën jou, my pelgrimbroer. God seën jou, my broer.)
. . . my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota's . . .

Nou laat ons dit vir Hom sing soos ons ons hande opsteek na Hom.

Ek . . .

Steek julle hande op.

. . . Hom lief . . .

Ek gee julle vir julle pastoor.

61-0213 En Jou Saad Sal Die
Poorte Van Die Vyand In Besit Neem
Eerste Gemeente Van God Van Long Beach
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:



VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org